# Graad 8

HOËRSKOOL DF MALAN

# Vakkeuses

# Leerders in Graad 8 word blootgestel aan die volgende **VERPLIGTE VAKKE**

Afrikaans HT

English - HL or FAL (bl. 3)

Wiskunde

Lewensoriëntering

Natuurwetenskappe

Sosiale Wetenskappe

Ekonomiese Bestuurswetenskappe

Skeppende Kunste (kies enige 2 van die 4 opsies - bl. 4)

Tegnologie

Verpligte keusevak (kies 1 van die 7 opsies - bl. 5-12)

# Keuse ten opsigte van Engels: Home Language of First Additional Language

| HOME LANGUAGE (HL) | FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL) |
|---|---|
| 100 marks | 100 marks |
| College / university entrance | College / university entrance |
| Imagination<br>Interpretation<br>Excellent vocabulary | Understanding<br>Interpretation<br>Communication |
| Focus on literature | Focus on language |
| email: eweisse@dfmalan.com | email:<br>ccarstens@dfmalan.com |

# Vir Skeppende Kunste moet leerders enige twee van die volgende vakke kies: Dans | Drama | Kuns | Musiekwaardering

## DANS

- Die hoofdansstyl is kontemporêre dans
- Baie tegniese werk (liggaam en beweging)
- Daar word klem gelê op sosiale / populêre dans (solo, twee-twee of groepformaat)
- 75% prakties en 25% teorie
- Kan deur beide meisies en seuns geneem word

**e-pos: jbooysens@dfmalan.com**

## DRAMA

- Verbeter leerders se selfvertroue en ontwikkel kommunikasievaardighede
- Stemtegnieke word ontwikkel
- Terminologie, teaterpersone, funksionering van die teater
- Leerders tree individueel en in groepverband, voor mekaar op

**e-pos: letsebeth@dfmalan.com**

## KUNS

- Die praktiese afdeling fokus op tekentegnieke en die kreatiewe interpretasie van die sigbare wêreld
- Die teoretiese afdeling gee leerders die vaardighede om kunswerke te analiseer, kunsterme toe te pas en 'n breë oorsig van kunshistoriese tendense te leer ken
- Kuns in gr. 8 en 9 is verpligtend indien jy graag Ontwerp of Visuele Kuns vanaf gr. 10 wil neem
- As jy 'n kreatiewe oopkop mens is, dan is kuns die vak vir jou!

**e-pos: adorfling@dfmalan.com**

## MUSIEK

- Musiekwaardering OF Musiek (individuele onderrig) kan geneem word.
- Musiekwaardering (nie gespesialiseerde onderrig) fokus op basiese teoretiese kennis en praktiese vaardighede. Leerders hoef nie 'n instrument te speel nie. Dit rus jou nie toe om in Gr10 met Musiek as 'n vak voort te gaan nie.
- Musiek (individuele onderrig) is gespesialiseerde onderrig, net soos Musiek ekstra vak (bl.8)
- Twee stukke, tegniese werk en bladlees moet bemeester word.
- Leerders mag Musiek kies as Ekstra vak EN by Skeppende Kunste.

**e-pos: marenel@dfmalan.com**

# Kies een van die volgende vakke as jou verpligte keusevak

- DUITS
- XHOSA
- REKENAARTIK
- MUSIEK
- SPORTWETENSKAP
- WISKUNDE 5
- KODERING & ROBOTIKA

# DUITS



**Internasionale kommunikasie: In die EU is Duits verreweg die mees gesproke taal met 120 miljoen sprekers. Vir afrikaanssprekendes is dit ook die maklikste derde taal om aan te leer.**

**Studiedoeleindes: Meer as 350 tersiêre instellings in Duitsland.**

**Toerisme: Geleenthede in onder andere Suid-Afrika, Namibië, Switserland, Oostenryk en Duitsland.**

**Ekonomie: Duitsland is die EU se uitvoerkampioen.**

**Wetenskap: Omgewingstegnologie.**
**'n Derde taal maak net soveel meer deure oop tot die internasionale arbeidsmark.**

**Om 'n derde taal aan te leer help individue met breinontwikkeling, sosiale ontwikkeling en om selfvertroue te verbeter**

**e-pos: sjahnke@dfmalan.com**

# XHOSA



- Kommunikasie gerig
- Temas wat in graad 8 en 9 behandel word sluit in: groet, in die klas, by die vulstasie, supermark, klerewinkel, weer-seisoene en etes
- Eenvoudige taalkonsepte word ook gedek (soos tel, dae van die week, rigtings verduidelik, liedjies sing)
- Basiese kommunikasie op 'n prettige manier.

e-pos: lpauw@dfmalan.com

# REKENAARGELETTERDHEID



- In Rekenaargeletterdheid is die hooffokus op die ontwikkeling van tikvaardighede
- Sekere Microsoft Word-tegnieke word ook aangeleer
- Die opstel van briewe geniet ook aandag

e-pos: mvanhulst@dfmalan.com

# MUSIEK



- **Graad 8 en 9 is verkenningsjare waar leerders, wat selfs nog nooit musiek geneem het nie, die geleentheid kry om hul musiektalente te ontdek en te ontwikkel.**
- **Leerders kan in graad 8 begin met individuele musiekonderrig in klavier, blokfluit, klawerbord (*keyboard*) en sang (pop- en/of klassiek). Oudisies word wel afgelê. Drie stukke, tegniese werk en bladlees moet per jaar bemeester word.**
- **Leerders kan ook by privaat-onderwysers hul instrument neem en dit as deel van hierdie vak neem.**
- **Musiekteorie is deel van hierdie vak. 'n Minimum standaard, gelykstaande aan Unisa graad 1 moet in graad 8 bereik word.**

**e-pos: devilliersm@dfmalan.com**

# SPORTWETENSKAP




- Sportwetenskap is 'n twee jaar module wat as 'n ekstra vak oor graad 8 en 9 strek.
- Ontwikkel en ondersteun in samewerking met Stellenbosch Universiteit se Sportwetenskap departement
- Die leerders ontvang erkenning hiervoor van die US met suksesvolle voltooiing van die modules
- Koste vir 2024 = R2900 per jaar
- LET WEL: Jy kan nie Sportwetenskap eers in graad 9 begin nie

**e-pos: sportwetenskap@dfmalan.com**

**Teoretiese inhoud van die module:**
Die basiese eienskappe van 'n oefenprogram
Basiese anatomie en fisiologie
Sport vir gestremdes
Sportvoeding
Ergogeniese middels vir sportprestasie
Sportmeganika
Sportbeserings
Sportsielkunde

**Prakies**
Fiksheidstoetsing
Kardiovaskulêre klasse
Gim
Sport vir gestremdes
Gholf
Bofbal

# WISKUNDE 5



- Wiskunde is 'n kernvak en is 'n voorvereiste om graad 8 te slaag. Wat jy van Wiskunde wil weet sal ons jou wys, maar dan moet jy werk om te wen.
- Indien 'n leerder nie wiskunde slaag tydens die graad 8-jaar nie, sal 'n aanbeveling gemaak word dat die leerder eerder hul keusevak moet los en W5 in die plek daarvan neem
- Dit beteken dat die leerders 'n ekstra 3 periodes Wiskunde onderrig per siklus ontvang waar slegs op die kerngedagtes van die vak gefokus word

e-pos: cbarratt@dfmalan.com

# KODERING & ROBOTIKA




- **Kodering & Robotika word sedert 2022 as ekstra vak aangebied vir graad 8 en 9 leerders**
- **Kodering & Robotika  as vak bestaan uit die volgende afdelings: Internet en E-kommunikasie, Algoritmes en Kodering, Toepassingsvaardighede en Robotikavaardighede**
- **Koste vir 2024: R3200 per jaar**

**e-pos: mkotze@dfmalan.com**

## Internet en E-kommunikasie

- Veilige gebruik van die internet
- Kuberbedreigings
- "Hacking"
- "Worms, viruses and Trojan horses"

## Robotikavaardighede

- CAD sagteware vir ontwerp
- Ons gaan gebruik maak van SelfCad.
- Leerders gaan ook leer hoe om 'n ontwerp te skep wat op 'n "3D printer" gemaak kan word.
- Die microcontroler wat ons gaan gebruik is die Arduino Uno. Verskeie sensors kan gekoppel word om sodoende werkende projekte te skep wat spesifieke probleme kan oplos.

## Algoritmes en kodering

- Die rekenaartaal wat ons gaan gebruik vir Graad 8's is Python 3.
- Leerders sal aan die einde van Graad 8 hul eie programme in Python kan skryf.
- Klem word geplaas op sekere Wiskundevaardighede

## Toepassingsvaardighede

- HTML (Hyper Text Markup Language)
- Teen die einde van die jaar sal leerders 'n basiese webtuiste kan skep.
- "Spreadsheets"
- Ons kyk na beide Google sheets en MS Excel.
- Klem word geplaas op datahantering en weergee van data. Sowel as skep van grafieke.

VIR JOU SUID-AFRIKA